Tema: Die Heilige Gees lei ons om nie meer soos slawe te lewe nie, maar soos kinders van God.

Vooraf sang
Lied 438: 1, 2
Lied 448: 1, 2, 3, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 151: 1, 2
Votum
Groetseën
Loflied Sb 2- 4: 1, 3
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Galasiërs 3: 21 - 4: 7
Teks: Galasiërs 4: 6 - 7
Leer: Dordtse Leerreëls hf. 5: par 11 - 13 en Sondag 20
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes

Gebed vir BnB: bid vir ons toerusting in Kinderevangelisasie. Kursus wat aangebied word vir seën en vrug. Bid vir almal wat betrokke is by die bediening op Klipdrift en Syferfontein. Lidmate meer en meer self as sendelinge sal sien en die woord in hulle eie lewenskring sal verkondig.

Sing Sb 12 - 6: 1, 4, 5
Wegstuurseën
Amen Sb 13-3.

Geliefde brs en srs en kinders

Wanneer ons oor die werk van die Heilige Gees praat, word daar gewoonlik baie klem gelê op die gawes van die Gees. Daar word baie klem geplaas op wat die Gees deur gelowiges bewerk in die verskillende gawes wat Hy aan gelowiges gee. Gewoonlik word daar ook verwys na die vrug van die Gees soos dit in Galasiërs 5 na vore kom. Die klem val daar op die verandering wat die Heilige Gees werk in die gesindheid en optrede van gelowiges.

In ons teksverse word ŉ ander aspek van die werk van die Heilige Gees belig. Hier word die klem geplaas op die verhouding wat die Heilige Gees tussen ons en die Vader laat groei. Hier is sprake van twee verhoudinge: ŉ baas en slaaf verhouding en ŉ vader en kind verhouding. En nou leer ons hier dat die Heilige Gees juis gestuur is om tussen ons en ons Vader nie ŉ baas-slaaf verhouding te vestig nie, maar ŉ vader- kind verhouding.

Onthou u dat ons vanmore in Johannes 14 gelees het dat Jesus gesê het dat Hy die dissipels nie as "weeskinders" sal agterlaat nie. Wat is ŉ weeskind? Dis iemand sonder ouers en in die konteks van Joh. 14: iemand sonder ŉ vader, sonder God. In hf. 14: 18 – 24 is baie klem geplaas op die feit dat Christus en die Vader een is en dat ons en die Vader ook een sal word in ŉ Vader-kind verhouding. En dis presies wat ons teksverse ons vanaand leer:

Die Heilige Gees laat ons nie soos slawe nie, maar soos kinders van God lewe! Nie weeskinders nie! Maar egte eie kinders en erfgename!

Br en sr, dit gaan hier oor ons Vader – kind verhouding met God en hoe ons vanuit hierdie regte verhouding intiem met ons Hom kan leef! So intiem dat ons Hom "pappa" mag noem! Meer nog dat ons as kinders ook erfgename word van die ware en ewige lewe.

Net soos vanmore is God Drie-enig weer aan die werk om hierdie Vader-kind verhouding te bewerkstellig. In Galasiërs 3 word verwys na die rol van die wet in die Ou Testament. Die wet was bedoel om die gelowiges onder toesig te hou soos slawe dikwels oor die kinders van hulle eienaar moes toesig hou. Eers wanneer die kind mondig word, het die kind die volle regte van die verhouding tussen hom en sy vader kon geniet. Dan eers kon hy toegang kry tot sy erfporsie. So het die wet toesig oor die gelowiges tot op die tyd dat God besluit het dat Christus sou kom.

Die Vader stuur die Seun om ons vry te maak van hierdie beperking van die wet. Christus koop ons met sy lewe los van die beperkinge van die wet. Noudat Christus self volkome die wet vervul het, het ons saam met Hom in die geloof mondig geword. Nou is ons nie meer onmondige kinders en eintlik soos slawe nie, maar mondige kinders wat toegang toe hulle erfporsie het.

En nadat God ons so as sy kinders in Christus aangeneem het, stuur hy die Heilige Gees in ons hart om ons te leer om nou soos kinders van God te lewe en nie soos slawe nie.

Hierdie inwoning van die Heilige Gees in ons hart beteken 2 dinge:
1. Die feit dat die Heilige Gees in my hart woon is vir my ŉ waarborg, ŉ bewys dat ek ŉ kind van God is. Deur die Heilige Gees aan my te gee waarborg God vir my die aannemingsakte in Christus. Nou is dit vas en seker! Ek is vir altyd kind van God. Niks sal my ooit weer uit sy vaderhande kan neem nie! Van hierdie vaste sekerheid wat ons nooit kan verloor nie, leer die Dordtse Leerreëls ons ook.

Geliefdes, hierdie waarborg deur die Gees is vir ons alreeds ŉ bron van groot vreugde en dankbaarheid. Ons kan nou vas en seker wees dat ons kinders van God is. Nie die duiwel nie, nie my sondige aard of die verleiding van die wêreld sal my erfenis kan roof nie. Die Dordtse Leerreëls sê dat ek dalk soms sal twyfel en dat ek nog steeds sal sondig, maar die teenwoordigheid van die Heilige Gees is die waarborg dat ek nooit weer ŉ slaaf van die sonde sal word nie.

2. Die Heilige Gees leer my om soos ŉ kind en nie soos ŉ slaaf te lewe nie. Paulus gebruik in hierdie hoofstuk die metafoor van slawe ook vir mense wat vasgevang is deur die nakoming van godsdienstige wettiese reëls om sodoende gered te word. Hulle is dus slawe van eie werke! Hulle glo hulle moet meer en meer die regte dinge doen om so God te beïndruk dat Hy met hulle lewe tevrede sal wees en hulle sal red.

Die Heilige Gees moet ons hiervan bewaar. Hy moet ons leer om soos kinders te lewe wat nie nodig het om hulle Vader se goeie guns te verdien nie, maar om hulle Vader se erfporsie in Christus te geniet!

En dit doen die Heilige Gees deur in my hart te werk. Die teks gebruik met opset hier die woord “hart”. Die Gees kom in my hart woon. Die hart is die sentrum van ons hele lewe en dit bepaal alles in my lewe en juis daar gaan bly die Gees. Daar begin hy die werk van God in my te laat deurwerk.

Hy laat my reageer op God se werk. Hy laat my glo in die werk van Christus en laat my verstaan wat dit beteken om nie ŉ slaaf te wees nie maar ŉ mondige erfgenaam.

Brs. en srs., ons eie wil laat homself maklik verslaaf aan ons eie werke. Ons sien maar swaar af daarvan dat ons nie vir ons saligheid kan werk nie! Ons wil tog so graag iets by God verdien. Ons wil so graag dat die ons Vader sien dat ons getrou doen wat Hy vra! Ons wil so graag hê dat die Vader ons prestasies sien sodat Hy ons daarvoor kan beloon.

Daarom sal mense wat slaweharte het baie klem lê op getroue uitvoering van die sekere voorskrifte en reëls. Hy of sy sal ook hierdie reëls voorskriftelik maak om gered te word. As jy nie elke dag jou Bybel lees en elke dag bid en elke Sondag twee keer in die kerk is nie, dan is jy nie goed genoeg nie! Dan presteer jy net nie goed genoeg nie! Hy jy nie sekere klere dra en sekere gedrag openbaar nie, dan kan jy nie ŉ kind van God wees nie.

So ŉ gelowige het ŉ slawehart! Hy of sy doen dit dan nie uit dankbaarheid en liefde vir die vader nie, maar as pligte wat jou jou erfporsie laat verdien.

Gelowiges met slaweharte kan dit ook nie volhou nie! Jy sien so gou jou eie mislukkings raak dat jy gou moed verloor. Jy besef so gou dat jy God teleurstel en kan eenvoudig nie die druk van jou eie prestasies volhou nie. Jou diens aan die Here word dan swaar slawewerk wat jy met groot teensinnigheid doen want dit is so moeilik! Naderhand word die Here kwalik geneem vir al die swaar reëls en wette wat jy moet nakom Al die vreugde verdwyn uit jou lewe want jy het ŉ slawehart.

Die Heilige Gees keer dat ons so lewe! Hy bewerk in ons ŉ kinderhart! ŉ Hart van ŉ dankbare kind wat net vashou aan wat sy Vader hom belowe en gee. Die Heilige Gees leer ons dat ons net gered word omdat ons in Christus as ons Verlosser glo en dat die Vader ons op grond daarvan al sy gunste en gawes bied. Die kindhart is ŉ hart wat oophand by die Vader gaan staan om meer genade te vra!

Die Gees leer ons dat gelowiges wel val en sondig maar dat hulle met vrymoedigheid na die Vader kan kom met hulle skuld en dat die Vader hulle elke keer in Christus vergewe!

Die Gees leer ons dat ons verhouding met die Vader nie die van slawewerk is nie, maar van genadeloon! Dat God ons genade gee en dat ons uit dankbaarheid vir ons Vader werk.

Die Gees leer ons dat ons verhouding met ons Vader berus op liefde en nie op vrees vir straf nie! Dat God ons eerste liefgehad het en sy liefde in Christus bewys het en dat ons net met liefde kan antwoord! Liefde wat oorgaan tot dade! Ja, die gelowige met die kinderhart werk ook hard vir die Vader, maar nie om betaal te word nie, maar om dankie te sê.

Die Gees leer ons dat God ŉ versorgende Vader is wat al in al ons behoeftes voorsien en dat ons leer om na ons Vader te roep en te sê “pappa”. Dat ons as’t ware op God se skoot kan sit en intiem met Hom kan verkeer soos ŉ kind op sy pa se skoot!
Laastens leer die Gees ons om in vreugde te lewe want Hy herinner ons gedurig aan ons erfporsie! Die ware lewe wat ons nou kan geniet en die ewige lewe wat kom. Daarom is ŉ gelowige met ŉ kinderhart iemand wat vreugde ken en in vreugde kan lewe. Ons het oorvloed en ons geniet dit uit die hand van God.

Br. en sr., God die Heilige Gees wil jou leer om soos ŉ kind van God te lewe en nie soos ŉ slaaf nie! Moenie langer jou laat verslaaf deur eie verdienste nie, maar leer om alles van God te vra en te ontvang soos ŉ vader vir sy kind net die beste wil gee.
Amen